# OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Friday 1 July 1983 — WINDHOEK — Vrydag 1 Julie 1983 — No. 4794

CONTENTS:

*Page*

**GOVERNMENT NOTICES**

No. AG. 113 Levies under the Meat Industry Act, 1981 (Act 12 of 1981) — 1

No. AG. 115 Proposal that portion of district road 503 be deviated: District of Keetmanshoop — 3

**ADVERTISEMENTS** — 4

INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**

No. AG. 113 Heffings kragtens die wet op die Vleisbedryf, 1981 (Wet 12 van 1981) — 1

No. AG. 115 Voorstel dat 'n gedeelte van distrikspad 503 verlê moet word: Distrik Keetmanshoop — 3

**ADVERTENSIES** — 4

## Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 113 — 1983

### LEVIES UNDER THE MEAT INDUSTRY ACT, 1981 (ACT 12 OF 1981)

Under section 17(1) of the Meat Industry Act, 1981 (Act 12 of 1981), I hereby impose with effect from 1 July 1983 the levies set forth in the Schedule and abolish the levies imposed by Government Notice AG. 154 of 1981 as amended by Government Notice AG. 32 of 1983. The pur-

## Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 113 — 1983

### HEFFINGS KRAGTENS DIE WET OP DIE VLEISBEDRYF, 1981 (WET 12 VAN 1981)

Kragtens artikel 17(1) van die Wet op die Vleisbedryf, 1981 (Wet 12 van 1981), lê ek hierby met ingang van 1 Julie 1983 die heffings op soos in die Bylae uiteengesit en hef die heffings op wat by Goewermentskennisgewing AG. 154 van 1981 soos gewysig deur Goewermentskennisgewing

poses for which the special levies are imposed are likewise set forth in the Schedule.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 3 June 1983

AG. 32 van 1983 opgelê is. Die do
voor die spesiale heffings opgelê w
gelyks in die Bylae vermeld.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoe

SCHEDULE

GENERAL AND SPECIAL LEVIES

1. In respect of cattle, sheep, goats or pigs slaughtered or exported from the territory, for marketing purposes levies are imposed on the following bases:

Per unit slaughtered or exported.

| | | Special levies | Stabilization levy | |
|---|---|---|---|---|
| | General levy | Loan levy | Locally slaughtered | Exported for marketing |
| Cattle (including calves) | R1,00 | R1,50 | R7,50 | R15,00 |
| Sheep or goats, older than three months | R0,15 | — | — | — |
| Pigs | R0,25 | — | — | — |

PURPOSE OF SPECIAL LEVIES

2 (1) The loan levy shall be utilised for capital redemption or the payment of interest in respect of loans contracted by the board.

(2) The stabilization levy shall be utilised to stabilize the meat industry in such manner as the board may determine from time to time with the approval of the Administrator-General.

BYLAE

ALGEMENE EN SPESIALE HE

1. Ten opsigte van beeste, skape, b
wat geslag word of vir die bema
uit die gebied uitgevoer word, w
die volgende grondslag opgelê:

Per eenheid geslag of uitgevoer.

| | | Spesiale Heffings | Sta |
|---|---|---|---|
| | Algemene heffing | Leningsheffing | |
| Beeste (met inbegrip van kalwers) | R1,00 | R1,50 | R |
| Skape of bokke ouer as drie maande | R0,15 | — | - |
| Varke | R0,25 | — | - |

DOEL VAN SPESIALE HEFFIN

2 (1) Die leningsheffing word aang
delging van kapitaal of die
lenings deur die raad aangeg

(2) Die stabilisasieheffing word a
die vleisbedryf te stabiliseer o
die raad van tyd tot tyd met d
van die Administrateur-gener

## DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 115 1983

### PROPOSAL THAT A PORTION OF DISTRICT ROAD 503 BE DEVIATED: DISTRICT OF KEETMANSHOOP

In terms of section 20(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Secretary for Transport proposes that that portion of district road 503 described in paragraph (a) of the Schedule and shown on sketch-map P1191, be deviated from the route described in the said paragraph (a) and so shown, to the route described in paragraph (b) of the Schedule and shown on sketch-map P1191.

The said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the proposal refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned hereunder lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Keetmanshoop, during normal office hours.

Every person having any objection to the abovementioned proposal is hereby commanded to lodge his objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Secretary for Transport, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, or the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12007, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication hereof.

#### SCHEDULE

(a) From a point (A on sketch-map P1191) on district road 503 on the farm Hoogvertoon 372 generally southwards across the said farm and the farm Blomstraat 331 to the point (C on sketch-map P1191) on the last-mentioned farm where district road 503 is joined by district road 579 and farm road 510.

(b) From a point (A on sketch-map P1191) on district road 503 on the farm Hoogvertoon 372 generally west-south-westwards across the said farm to a point (B on sketch-map P1191) on the said farm; thence generally south-eastwards across the farms Hoogvertoon 372 and Blomstraat 331 to the point (C on sketch-map P1191) on the last-mentioned farm where district road 503 is joined by district road 579 and farm road 510.

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 115 1983

### VOORSTEL DAT 'N GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 503 VERLÊ MOET WORD: DISTRIK KEETMANSHOOP

Ingevolge artikel 20(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Sekretaris van Vervoer voorstel dat daardie gedeelte van distrikspad 503 wat in paragraaf (a) van die Bylae beskryf en op sketskaart P1191 aangetoon word, verlê moet word van die roete beskryf in genoemde paragraaf (a) en aldus aangetoon, na die roete beskryf in paragraaf (b) van die Bylae en aangetoon op sketskaart P1191.

Genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die voorstel betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Keetmanshoop, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde voorstel word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf datum van publikasie hiervan by die Sekretaris van Vervoer, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, of die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12007, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

#### BYLAE

(a) Van 'n punt (A op sketskaart P1191) op distrikspad 503 op die plaas Hoogvertoon 372 algemeen suidwaarts oor genoemde plaas en die plaas Blomstraat 331 tot op die punt (C op sketskaart P1191) op laasgenoemde plaas waar distrikspad 579 en plaaspad 510 by distrikspad 503 aansluit.

(b) Van 'n punt (A op sketskaart P1191) op distrikspad 503 op die plaas Hoogvertoon 372 algemeen wessuidweswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1191) op genoemde plaas; van daar algemeen suidooswaarts oor die plase Hoogvertoon 372 en Blomstraat 331 tot op die punt (C op sketskaart P1191) op laasgenoemde plaas waar distrikspad 579 en plaaspad 510 by distrikspad 503 aansluit.

## Advertisement | Advertensie

### MUNISIPALITEIT OMARURU

**VERKOOP VAN ONBESETTE EIENDOM WAAROP DAAR VIR 5 JAAR GEEN BELASTING BETAAL IS NIE.**

Kennisgewing geskied hiermee, ooreenkomstig die bepalings van artikel 171(1) van die Munisipale Ordonnansie 13 van 1963 (Ord. 13 van 1963) dat eiendomsbelasting vir 'n tydperk van meer as vyf jaar ten opsigte van die volgende erwe nie betaal is nie.

| Erf nr. | Naam | Adres |
|---|---|---|
| 384 | B.F.H. Beukes | Heidehof 16<br>Langstraat<br>KEMPTON PARK |
| 438 | A.J.B. Burger | Privaatsak 5017<br>WALVISBAAI |

Indien agterstallige belasting, tesame met rente nie binne drie maande na die datum van die laaste publikasie van hierdie kennisgewing betaal is nie, sal die Raad die eiendom verkoop.

Posbus 14
OMARURU

P.J. LOOTS
STADSKLERK

Printed and obtainable from
SWAPERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur en verkrygbaar by
SWAPERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika